LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

05-11-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 39 VIR 2018

7 November	Koningkinders hou 'n bymekaarkom by die Gereformeerde Kerkterrein vanaf 16:00 tot 17:00

1 ALGEMENE JAAR- EN BEGROTINGSVERGADERING:

Baie dankie vir elke ouer wat teenwoordig was, ons waardeer u gesindheid teenoor ons skool en leerders.

2 ATLETIEK:

- Oefentye vir November en Desember 2018 (tot die skool sluit):
  * Kort afstande, verspring, hoogspring, gewigstoot en hekkies oefen Maandae, Dinsdae en Donderdae vanaf 14:00 tot 15:00 op Hoër Volkskool se velde.
  * Langafstande oefen Maandae tot Donderdae 16:00 tot 17:00 ook op Hoër Volkskool se velde.
- Afrigters:

Kort afstande	- Mnr. Stiaan v/d Hyde
Verspring en Hekkies	- Mnr. Louwtjie Dalhouzie
Hoogspring	- Oom Henning Snyman
Gewigstoot	- Oom Slappies du Plessis
Langafstande	- Tannie Elmien Coetzee

3 BEKRONINGSFUNKSIE:

Ons Bekroningsfunksies vind plaas op 6 November (Juniors) en 7 November (Seniors). Hierdie is twee van ons skool se Prestige geleenthede en die personeel doen baie moeite om dit vir die leerders spesiaal te maak.

Orde reëlings:

- Om die aand suksesvol te laat verloop het ons u elkeen se samewerking en ondersteuning nodig.
- Daarom doen ons 'n ernstige beroep op elke ouer om asb. die geleenthede te respekteer.
- Skakel asb. u selfone af; kom ons sit asb. deur die hele sessie om waardering te toon vir al die leerders wat toekennings ontvang.
- Indien boetie of sussie saamkom, moet hulle asb. GEEN speelgoed saambring of rondloop tydens die funksies nie.
- ***Kom ons leer ons kinders waardes en respek deur self 'n voorbeeld te stel.***

4 SWEM:

Daar is swemoefening by Hoër Volkskool soos normaal. Donderdag, 8 November is Interlaer gala by Boksburg Noord, 45 Fourth street.

5 SKAAK:

Op 23 November 2018 om 14:00 is daar by Hoër Volkskool se koshuis studiesaal 'n skaak-kuier vir al die laerskoolspelers. Indien enige speler belangstel, moet hulle net hul name vir Juf. Ronelle Terblanche gaan opgee.

6 TOUTREK:

Oefening is vir alle belangstellendes, op Dinsdae vanaf 15:00 tot 16:00 op die rugbyveld.

7 VOLKIE VERE:

- Net 'n vriendelike kennisgewing: Volkie Vere se pryse gaan vanaf 1 Januarie 2019 styg met 10%.
- Die winkel sal oop wees tot 14 Desember 2018 net tot 13:00.
- Volkie Vere heropen weer op Saterdag, 5 Januarie 2019 vanaf 08:00 tot 13:00.

8 KASKAR:

Ons hou 'n groot kaskardag op Vrydag, 9 November 2018 in skooltyd. Leerders het nog tot Woensdag, 7 November om te woeker met die lyste. Daar is weer lekker groot pryse om te wen! Leerders kan om 12:30 verdaag. Daar sal toesig wees tot 13:15.

9 FORMELE ASSESSERING:

- Leerders is skoolpligtig tot die skool sluit op 12 Desember 2018.
- Al die leerders is besig met formele assessering en moet elke dag teenwoordig wees. **As hul afwesig is, moet daar 'n doktersbrief ingehandig word.** Indien u kind tuisbly sonder 'n doktersbrief of ander geldige verskoning kan hy/sy 0% kry vir die aktiwiteit wat op daardie dag afgehandel is.
- ***Wanneer die eksamen verby is, word daar steeds assessering in klasse afgehandel, toetse deurgegaan en punte gekontroleer.***
- Die skool verdaag vanaf Maandag, 12 November tot 11 Desember 2018 om 13:00 a.g.v. die eksamen.

10 VOLKIE NUUSBULLETIN:

Stuur asb. u kind se buitemuurse sportprestasies voor of op 23 November na helenebotha@laervolkskool.co.za en indien u belangstel vir 'n advertensie, kontak haar by 0163416216/0832852481.

11 JAARBLAD EN HUISWERKBOEKIE:

- Hier is 'n geleentheid om u besigheid te adverteer in ons spog jaarblad 2018 asook ons huiswerkboekie 2019 vir slegs R1000 vir beide. Kontak Mev. Heléne Botha 0832852481.
- Die Huiswerkboekies vir 2019 beloop R25 per boekie en sal te koop wees vanaf die dag wat die skool begin in 2019 by die registeronderwysers.
- Die Jaarblad beloop R170 per boek en kan ook in die registerklasse bestel en betaal word.

12 AGTERSTALLIGE SKOOLGELDE:

Alle agterstallige skoolgelde moet asb. so spoedig moontlik op betaal word. Indien u nog agterstallig is teen 30 November, sal u rekening oorhandig word vir invordering.

13 SKOOLGELDE VIR 2019:

Gr. R:

* 1ste kind - R1 090 p.m. vir 11 maande = R11 990
* 2de kind - R950 p.m. vir 11 maande = R10 450
* 3de kind - R820 p.m. vir 11 maande = R9 020

EENMALIGE BETALING		**DEBIETORDER (11 maande)**
Voor 31 Desember 2018	Voor 1 Maart 2019	Vanaf 1 Januarie 2019 tot 30 November 2019
5 % 1ste = R11 390-50 2de = R9 927-50 3de = R8 569	2,5 % 1ste = R11 690-25 2de = R10 188-75 3de = R8 794-50	2,5 % = (1ste kind = R1 062-75 p/m)
		2,5 % = (2de kind = R926-25 p/m)
		2,5 % = (3de kind = R799-50 p/m)

Gr. 1-7:

* 1ste kind - R990 p.m. vir 11 maande = R10 890
* 2de kind - R850 p.m. vir 11 maande = R9 350
* 3de kind - R720 p.m. vir 11 maande = R7 920
* 4de kind - Gratis

EENMALIGE BETALING		**DEBIETORDER (11 maande)**
Voor 31 Desember 2018	Voor 1 Maart 2019	Vanaf 1 Januarie 2019 tot 30 November 2019
5 % 1ste = R10 345-50 2de = R8 882-50 3de = R7 524	2,5 % 1ste = R10 617-75 2de = R9 116-25 3de = R7 722	2,5 % = (1ste kind = R965-25 p/m)
		2,5 % = (2de kind = R828-75 p/m)
		2,5 % = (3de kind = R702 p/m)

a Betaal volle 2019 skoolgeld voor 31 Desember 2018 en kry 5% korting.

b Elektroniese betalings kan ook gedoen word.
ABSA Heidelberg Reknaam: Volkskool Skoolfonds
Reknommer: 500940034 Takkode: 334143
Verwysingsnommer: (**Rekeningnommer op die staat)**

c Betaal volle 2019 skoolgeld voor 1 Maart 2019 en kry 2,5% korting.

d Betaal per debietorder en kry 2,5% afslag en betaal oor 11 maande.

e Neem kennis dat alle kortings 'n vergunning is vanaf die BL en nie 'n gegewe nie.

14 KULTUURAAND 2019:

Ouers wat kaartjies of tafels bespreek het vir die Kultuuraand 2019, moet dit asb. voor of op 30 November 2018 by Mev. Chrisna Meyer kom betaal. Kaartjies sal aan die gasvrouens gestuur word teen 30 November 2018.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF